**6 APRIL** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 22**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 22:2, 22**

## Verlate gevoel, maar tog verhoor

Die psalmdigter het van God en mens verlate gevoel. Sy eie mense dryf die spot met hom (vs. 7-9). Sy vyande het hom bedreig en was daarop uit om hom te vernietig (vs. 13, 14, 17-19). Hy het ‘n geweldige worsteling beleef (vs. 2): “My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?” Maar juis dit was sy behoud, dat hy steeds bly roep het, dat hy in sy worsteling nog gebid het. Hy maak aanspraak daarop dat sy voorvaders se gebede verhoor is. Daarin vind hy die aansporing om sy vertroue steeds op die Here te stel (vs. 20).

Dan gebeur dit! “U het my gebed verhoor!” So juig die psalmdigter in vers 22 oor die uitkoms. Die Here antwoord op sy tyd. Vertroue op die Here word nie beskaam nie. Die psalmdigter word ‘n lewende getuie van God se verlossingsdade (vs. 21, 31-32).

Wat ‘n geweldige troos is dit vir God se kinders ook vandag, in watter omstandighede ons ook al verkeer. Ons kan net met nog groter vertroue tot die Here bid. Ons weet dat Jesus Christus werklik deur God aan die kruis verlaat is (vergelyk Matt. 27:46), sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie. Daardie kruisgebeurtenis herdenk ons vandag en die Heilige Gees herinner ons altyd weer daaraan.

Moet dan nie ophou bid nie. Roep tot Hom om hulp, selfs al voel u van God en mens verlate. As u aanhou bid, maak Hy ook deur sy Gees van u ‘n lewende getuie van sy verlossingsdade.

*Sing: Psalm 116:2, 5, 7* *Ds Jan du Plessis (Lichtenburg)*